higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT DIE REGTE
NKR VLAK 2

(8021002)

7 November 2022 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: As jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal vrae nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A, B en C.
2. Beantwoord óf VRAAG 7 óf VRAAG 8 in AFDELING D.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Die rede vir die invloed van Engelse reg in ons reg is dat …

A Engelse regters die Hollandse taal moeilik gevind het om te lees en te verstaan
B Hollandse regsbronne moeilik was om te bekom
C Engelse reg makliker is om te volg
D A en B

1.2 Watter EEN van die volgende is nie ’n element van ’n delik nie?

A Onregmatigheid
B Straf
C Fout
D Veroorsaking

1.3 Watter EEN van die volgende is nie ’n rede vir die skepping van beslote korporasies nie?

A Dit is ’n goedkoper en eenvoudiger wetlike ondernemingsvorm.
B Daar was ’n algemene behoefte om bestaande maatskappye te vervang.
C Maatskappyreg was te kompleks.
D Ondernemings het alternatiewe strukture nodig gehad.

1.4 In die strafreg is noodweer ’n voorbeeld van ...

A Afskrikking
B Regverdigingsgrond
C Mens rea
D Nalatigheid

1.5 Watter EEN van die volgende stellings oor inheemse reg en privaatreg is foutief?

A Min lede deel in die regte van die groep.
B Die klem is eerder op die groep as die individu.
C Faktore soos ouderdom, geslag en rang beïnvloed regte.
D Die omvang van elke lid se aandeel in die regte van die groep is gelyk aan hul status.

Kopiereg voorbehou

1.6 Khumalo and others v Holomisa 2002(5) SA 401 KH het die konsep van die belang van die regspleging vasgevang deur aan te voer dat sodanige belange deur ... bepaal word.

A Die belangrikheid van die vasstelling van die grondwetlike kwessies
B Die applikant se vooruitsigte op sukses op appèl
C Of ’n applikant die saak op appèl na ’n Hoë Hof en/of die Hoogste Hof van Appèl kan neem.
D A, B en C.

1.7 Watter EEN van die volgende stellings oor inheemse reg is foutief?

A Dit is hoofsaaklik ongeskrewe.
B Daar is slegs een inheemse reg vir Suid-Afrika.
C Dit is gebruiklik.
D Dit is gebonde aan tradisie.

1.8 Indien ’n polisiebeampte ’n deur afbreek om ’n gevaarlike misdadiger in hegtenis te neem, staan die regverdigingsgrond bekend as ...

A amptelike hoedanigheid
B noodsaaklikheid
C spontane agentskap
D noodweer

1.9 Watter EEN van die volgende stellings is verkeerd?

A Menseregte word wêreldwyd erken.
B Menseregte het ook ’n internasionale dimensie.
C Slegs afsonderlike lande bemoei hulle met die beskerming van menseregte.
D Menseregte maak deel uit van internasionale reg.

1.10 Watter EEN van die volgende stellings is verkeerd?

A Die parlement maak nuwe wetgewing en wysig ou wetgewing.
B Die parlement verkies die president.
C Die parlement kontroleer dat die uitvoerende gesag die wette afdwing.
D Die parlement bestaan uit die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Munisipaliteite.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Kies ’n woord uit KOLOM A om by ’n beskrywing in KOLOM B te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Verbiedend	A	onskuldig bevind
2.2	Inlywing	B	wanneer ’n bepaalde hof die enigste bevoegde hof is om ’n spesifieke saak aan te hoor
2.3	Vrygespreek		
2.4	Opvolging	C	gevorderd en oorspronklik
2.5	Herstel/Vergoeding	D	’n beampte wat daarvoor verantwoordelik is om amptelike registers/rekords te bewaar
2.6	Innoverend		
2.7	Uitsluitlike jurisdiksie	E	om te erf of die reg daartoe te hê
2.8	Intestaat	F	skulde van ’n boedel
2.9	Registrateur	G	Die rede waarom ’n persoon verskoon kan word vir die pleging van ’n daad wat normaalweg as ’n misdaad beskou word
2.10	Regverdigingsgrond		
		H	skuldig bevind
		I	om iemand te verhoed om iets te doen
		J	remedie vir ’n onreg of beswaar
		K	die handelinge wat die staat in ’n strafhof onderneem om ’n persoon wat ’n misdaad gepleeg het, te vervolg en te straf
		L	om iets tot jou eie gebied toe te voeg
		M	versuim om voor jou dood ’n testament op te stel

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1 Die reg is 'n stel regsreëls wat deur die Hof bepaal en gebruik word om gedrag te reël.

3.2 'n Kind is binne-egtelik as die ouers wettig getroud was ten tyde van sy/haar bevrugting of geboorte.

3.3 Sommige van die vertakkings van handelsreg is weinig meer as gespesialiseerde gebiede van privaatreg.

3.4 Beskuldigdes het die reg op verteenwoordiging deur regsverteenwoordigers van hul keuse.

3.5 Ons noem Suid-Afrikaanse gemenereg Amerikaans-Hollandse reg omdat dit 'n mengsel van Amerikaanse en Hollandse reg is.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woorde langs die vraagnommer (4.1.1–4.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

aanklaer; reëls; lewering; norme; eiendomsreg; registrasie; interaksie; roerende; gewetens; onroerende; reël; kinders

4.1 Sosiale lewe behels (4.1.1 …) wat menslike (4.1.2 …) beheer. Mense gebruik sosiale (4.1.3 …) en hul eie (4.1.4 …) in 'n mate om hul interaksies met ander mense te (4.1.5 …). (5)

4.2 Afgeleide metodes van (4.2.1 …) sluit in die oordrag van (4.2.2 …) eiendom deur (4.2.3 …) van die eiendom en die oordrag van (4.2.4 …) eiendom deur (4.2.5 …) van 'n oordragakte/transportakte. (5)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 35

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Verstandelike bevoegdheid verwys na ’n persoon se vermoë om redelike en rasionele besluite te neem. Enige verstandelike onbevoegdheid wat die intellek en oordeel van mense beïnvloed, sal hul hul status beïnvloed. Die reg herken drie tipes verstandelike onbevoegdheid.

Noem en verduidelik die DRIE tipes verstandelike onbevoegdheid. (3 × 2) (6)

5.2 Nadat ’n hof die boedels van debiteure gesekwestreer het, volg die Meester van die Hoë Hof ’n proses waarin hy of sy trustees aanstel om die boedels te hanteer.

Gee SEWE pligte van die aangestelde trustees. (7)

5.3 Artikel 12 van die Grondwet, 1996, bepaal dat almal die reg op vryheid en sekerheid het.

Bespreek die regte van ’n persoon ingevolge artikel 12 van die Grondwet, 1996. (7)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

’n Hoë Hof is ’n hof van eerste instansie en het bepaalde jurisdiksie.

6.1 Bespreek die jurisdiksie van distrikshowe. (12)

6.2 Verduidelik inheemse reg in Suid-Afrika. (5)

6.3 Verduidelik skeiding van magte in staatsgesag. (3)

6.4 Verduidelik die betekenis van die woord *lobolo*. (2)

6.5 Noem DRIE spesiale laer howe. (3)
[25]

TOTAAL AFDELING C: 25

Kopiereg voorbehou

AFDELING D

Beantwoord enige EEN van die volgende vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 7

7.1 Verduidelik die stelsel van regspresedent. (5)

7.2 Bespreek die hiërargie van howe in die toepassing van regspresedent. (10)

7.3 Noem die strukturering van Suid-Afrikaanse howe. (5)
[20]

OF

VRAAG 8

8.1 Die Konstitusionele Hof het uitsluitlike jurisdiksie.

Bespreek die jurisdiksie van die Hoë Hof. (5)

8.2 Natuurwette is stellings van hoe die wêreld daar uitsien, terwyl die wette van die samelewing gedragskodes is.

Verduidelik in tabelvorm die verskil tussen natuurwette en samelewingswette. (10)

8.3 Noem VYF kriteria waaraan ’n gebruik moet voldoen om ’n wet te word. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou